# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL: TAAL IN KONTEKS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spel- en taalfoute in eenwoord-antwoorde word gepenaliseer en die antwoord is nie korrek nie, al is die betekenis duidelik, bv. gras groen (X) i.p.v. grasgroen (√).
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die klem op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oopvrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING−vrae, word geen punte toegeken nie. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie.**
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeusevrae word SOWEL die letter AS die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

## TEKS A: ARTIKEL

| | | VLAK | PUNT |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Die moderne samelewing √ en veranderde waardes. √ | 1 | (2) |
| 1.2 | Gesinsbande is dikwels minder belangrik./Baie mense kry hul ondersteuning op ander maniere./Mense vind hul "gesin" by vriende. √ (ENIGE EEN) | 1 | (1) |
| 1.3 | Onopgeloste langtermynkwessies. √ | 1 | (1) |
| 1.4 | 1.4.1 Jy is nie meer letterlik met jou gesin in aanraking nie./Geen liggaamlike kontak nie./Sien mekaar glad nie meer nie./Geen aanraking nie. (ENIGE EEN OF SOORTGELYK) √ | 1 | (1) |

© SACAI KOPIEREG

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 1.4.2 Geen ondersteuning meer nie./Deel geen emosies met mekaar nie. √<br>(ENIGE EEN) | 1 | (1) |
| 1.5 | Jy kan sekere lede van die gesin verwerp, terwyl jy weer kontak met ander gesinslede behou. √ | 3 | (1) |
| 1.6 | Onderlinge wedywering. √ | 2 | (1) |
| 1.7 | • Omdat 'n gesin of gesinne nie langer 'n veilige ruimte bied nie.<br>• Die situasie ongesond is.<br>• Versoening werk nie. √√ (ENIGE TWEE) | 4 | (2) |
| 1.8 | Dit verwys na 'n gesin of gesinne waarin 'n verhouding of verhoudings baie onderlinge skade berokken./'n Gesin of gesinne wat baie gebroke is. √ (OF SOORTGELYK) | 3 | (1) |
| 1.9 | **JA**.<br>Hulle ly aan persoonlikheidsversteurings (soos grenspersoonlikhede of gedragsversteurings). √ (MOTIVERING BEPAAL DIE PUNT.) | 2 | (1) |
| 1.10 | Woede/aggressie/hartseer. √√ (ENIGE TWEE) | 2 | (2) |
| 1.11 | Afsondering/vereensaming/sukkel om verhoudings te bou. √√ (ENIGE TWEE) | 3 | (2) |
| 1.12 | Vergewe/begrawe die strydbyl/kommunikasie/moenie altyd net verdedig nie/aannames maak nie. √√ (ENIGE TWEE) | 3 | (2) |
| 1.13 | **<u>Afbreking van kommunikasie</u>** beteken <u>geen</u> kommunikasie nie √ terwyl **<u>minagtende kommunikasie</u>** impliseer dat kommunikasie nie op 'n beskaafde/respekvolle wyse geskied nie. √ | 4 | (2) |
| 1.14 | Sielkundiges √ en terapeute. √ | 1 | (2) |
| 1.15 | • Kommunikasie met my gesinslede.<br>• Baie lief vir my gesinslede te wees.<br>• My gesinslede te respekteer.<br>• Elke gesinslid te aanvaar soos hy/sy is. √<br>(ENIGE SINVOLLE ANTWOORD. | 5 | (1) |

**EN**

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| | | VLAK | PUNT |
|---|---|---|---|
| 1.16 | 1.16.1 <u>Raampie 1</u>: Die man is kwaad/aggressief/woedend/aanvallend.<br>(OF SOORTGELYK)<br><br><u>Raampie 2</u>: Die gesin is rustig/liefdevol/lief vir mekaar. √<br>(OF SOORTGELYK) | 3 | (1) |
| | 1.16.2 "Fisieke √ en verbale mishandeling". √<br>(GEEN PENALISASIE INDIEN WOORDE NIE TUSSEN AANHALINGSTEKENS IS NIE.) | 3 | (2) |

© SACAI KOPIEREG

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.17 | 1.17.1 Narsis. √ | 3 | (1) |
| | 1.17.2 Hy kyk (na homself) in die spieël/die hartjies bo sy kop./Hy beskou homself as nommer een. √ (ENIGE EEN) | 3 | (1) |
| 1.18 | 1.18.1 Hulle kuier gesellig./Hulle is vriendelik.√ (OF SOORTGELYK) | 3 | (1) |
| | 1.18.2 Kommunikasie. √ | 3 | (1) |
| | | | **[30]** |

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

| **Vlakke** | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punte** | 8 | 4 | 12 | 5 | 1 | 30 |
| **%** | 12 (40%) | | 12 (40%) | 6 (20%) | | 100% |

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

### TEKS C

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hulle eie sinne, in 'n logiese volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/Beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

**Punte word soos volg toegeken:**

- ✓ **7** punte vir 7 feite (Een punt per hooffeit)
- ✓ **3** punte vir taal
- ✓ Punte totaal: **10**

**Verspreiding van punte vir taal as die kandidaat <u>nie</u> woordeliks aangehaal het nie:**

- ✓ **1 – 3** feite korrek: ken **1** punt toe.
- ✓ **4 – 5** feite korrek: ken **2** punte toe.
- ✓ **6 – 7** feite korrek: ken **3** punte toe.

**Verspreiding van punte vir taal as die kandidaat <u>woordeliks aangehaal</u> het:**

- ✓ **6 – 7** aanhalings: ken **geen** punt vir taal toe nie.
- ✓ **4 – 5** aanhalings: ken 'n maksimum van **1** punt vir taal toe.
- ✓ **2 – 3** aanhalings: ken 'n maksimum van **2** punte vir taal toe.

- Indien die formaat verkeerd aangebied word, moet die antwoord steeds nagesien word. Die kandidaat verdien geen punt vir TAAL nie.
- Nasieners moet die woorde van die opsomming tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word die sin, waarin die 90 aanbevole getal woorde bereik is, klaar gelees en die res van die opsomming word geïgnoreer.
- 'n Korter opsomming wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

© SACAI KOPIEREG

| Vlakke | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Punte | | | 10 | 0 | | 10 |
| % | | | 10 (70%) | 0 | | 100% |

**FEITE**

1. Tel plastiekrommel in die straat op en gooi dit in die vullishouer. √
2. Vervang plastieksakkies met lapsakke wanneer jy kruideniersware inpak. √
3. Moenie van ’n plastiekstrooitjie gebruik maak wanneer jy koeldrank drink nie – drink uit ’n glas. √
4. Koop koeldrank in glasbottels en nie plastiekbottels nie. √
5. Moenie plastiekrommel by jou motor se venster in die straat gooi nie. √
6. Moenie plastiekverpakkings in die veld gooi wanneer jy braai nie. √
7. Moenie plastiekeetgerei tydens braaifunksies gebruik nie. √ (71 woorde)

**PARAGRAAF**

Tel plastiekrommel in die straat op en gooi dit in die vullishouer. √ Vervang plastieksakkies met lapsakke wanneer jy kruideniersware inpak. √ Moenie van ’n plastiekstrooitjie gebruik maak wanneer jy koeldrank drink nie – drink uit ’n glas. √ Koop koeldrank in glasbottels en nie plastiekbottels nie. √ Moenie plastiekrommel by jou motor se venster in die straat gooi nie. √ Moenie plastiekverpakkings in die veld gooi wanneer jy braai nie. √ Moenie plastiekeetgerei tydens braaifunksies gebruik nie. √ (71 woorde)

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

# AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES

## NASIEN VAN AFDELING C

- Spelling
  - Eenwoord antwoorde moet as korrek nagesien word, al is die spelling verkeerd (behalwe as dit die betekenis van die woord verander of as dit juis oor spelling handel, bv. ‘n intensiewe vorm.)
  - By antwoorde waar daar ‘n volsin gevra word, moet verkeerde spelling as verkeerd nagesien word, indien die fout wat die kandidaat moet korrigeer in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Indien ‘n afkorting getoets word, moet die spelling korrek wees.
- Sinstrukture moet grammatikaal korrek wees en in volsinne aangebied word soos deur instruksies gevra.
- By meervoudigekeuseantwoorde kan beide die letter of die woord gegee word.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

## TEKS D

| | | VLAK | PUNT |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Die woord **GROOT** (Hoofletters en vetgedruk) √ en die uitroepteken (!) aan die einde van die opskrif. √ | 2 | (2) |
| 3.2 | **JA**.<br>R200 000 se pryse is op die spel./Pryse word toegeken./Daar is ’n Gala-prysuitdelingsnaweek. √√ (ENIGE TWEE)<br>(MOTIVERING BEPAAL DIE PUNT.) | 3 | (2) |
| 3.3 | **JA.**<br>Internetskakels word verskaf./Daar is ’n telefoonnommer./Facebook-adres. √√ (ENIGE TWEE) (MOTIVERING BEPAAL DIE PUNT.) | 1 | (2) |
| 3.4 | Toe, toe!/Moenie tyd verspeel nie!/Gryp jou griffel, foon of rekenaar en begin met woorde toor! (ENIGE EEN) √ | 4 | (1) |
| 3.5 | Verdien. √ | 1 | (1) |
| 3.6 | Gryp ’n pen/skryfding. √ (ENIGE EEN) | 1 | (1) |
| 3.7 | <u>**Positiewe kommentaar**</u>:<br>Die advertensie vang dadelik die leser se oog./Daar is voldoende inligting in die advertensie.<br><br><u>**Negatiewe kommentaar**</u>:<br>Ek sou graag foto’s van die 5-ster hotel wou sien./Daar kon meer inligting oor die Gala-prysuitdelingsnaweek wees./Die advertensie lyk te “besig”. √ (OF SOORTGELYK) | 4 | (1) |
| | | | **[10]** |

**EN**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

### TEKS E

| | | VLAK | PUNT |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Omdat "**lees**" en "**skryf**" nog deel van die leerplan is./ "**Lees**" en "**skryf**" is nie uit die leerplan gehaal nie./Omdat "**lees**" en "**skryf**" nog steeds baie belangrik is. (OF SOORTGELYK) √ | 3 | (1) |
| 4.2 | B.nw./Byvoeglike naamwoord. √ (ENIGE EEN) | 2 | (1) |
| 4.3 | B / daar dele is wat nie meer tersaaklik is nie. √ | 3 | (1) |
| 4.4 | Kurrikulum √ en (skool-)leerplan. √ | 2 | (2) |
| 4.5 | Hulle is traak-my-nieagtig/verveeld/lyk belangeloos/nie juis geïnteresseerd nie. √ (ENIGE EEN) (OF SOORTGELYK) | 4 | (1) |
| 4.6 | Die klas is netjies./Georden./Geen teken van vandalisme nie./Leerlinge is netjies aangetrek./Leerlinge val nie die onderwyseres in die rede terwyl sy aan die woord is nie. √√ (ENIGE TWEE) (OF SOORTGELYK) | 4 | (2) |
| 4.7 | 4.7.1 Sonder enige gelyke/ongeëwenaard/weergaloos/onvergelykbaar/daar is nie nog so 'n onderwysstelsel nie. √ (OF SOORTGELYK) | 3 | (1) |
| | 4.7.2 Waarom is jy so in <u>vertwyfeling</u>?/Ons verkeer in <u>vertwyfeling</u>. √ (OF SOORTGELYK) | 1 | (1) |
| | | | **[10]** |

**VRAAG 5: PROSA**

**TEKS F**

| | | VLAK | PUNT |
|---|---|---|---|
| 5.1 | 5.1.1 Samestellende afleiding. √<br><br>5.1.2 Die woord bestaan uit twee stamme/basisvorme en 'n afleiding/agtervoegsel (-e). √ | 1<br><br>2 | (1)<br><br>(1) |
| 5.2 | 5.2.1 Bywoord van wyse. √<br><br>5.2.2 Die boom groei regop/penorent. √ (OF SOORTGELYK) | 1<br><br>1 | (1)<br><br>(1) |
| 5.3 | Hi-ë-nas. √ | 1 | (1) |
| 5.4 | Om te plant. √ | 1 | (1) |
| 5.5 | B / byvoeglike bysin. √ | 2 | (1) |
| 5.6 | **<u>E</u>**erste **<u>W</u>**êreldoorlog. √ (Al twee woorde hoofletters) | 1 | (1) |
| 5.7 | 5.7.1 les. √<br><br>5.7.2 Die personeel beplan 'n **<u>les</u>** oor padveiligheid. √ (OF SOORTGELYK) | 1<br><br>3 | (1)<br><br>(1) |
| | | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOT TOTAAL: [70]**

| **Vlakke** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Punte | 11 | 4 | 12 | 2 | 1 | 30 |
| % | 15 (50%) | | 12 (40 %) | 3 (10%) | | 100 |

| **Vlakke** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Afdeling A** | 8 | 4 | 12 | 5 | 1 | **30** |
| **Afdeling B** | | | 10 | | | **10** |
| **Afdeling C** | 11 | 4 | 12 | 2 | 1 | **30** |
| **Totaal** | **19** | **11** | **34** | **7** | **2** | **70** |
| **%** | **30 (43%)** | | **34 (48%)** | **9 (13%)** | | **100%** |

© SACAI KOPIEREG